GROEPBESPREKING

- Soek vyf skrifgedeeltes op waar God vir ons spesifieke beloftes gee. Watter omstandighede of koerantopskrifte of familiegewoontes kom in opstand teen hierdie Woord in jou lewe?

- Wat beteken die evangelie van redding (*sōtēria* – dit is vir bevryding, preservering, veiligheid, redding, voorspoed, algemene goeie welstand) vir jou?

- Lees Galasiërs 4:7 en Johannes 8:35 in verskillende vertalings en memoriseer die skrifgedeeltes in jou gunsteling vertaling.

PERSOONLIKE TOEPASSING

Is daar tans ‘n situasie waar jy weet jy nie God op Sy Woord neem nie en soos die tien verspieders jou lewe laat rig deur die reuse wat voor jou staan? Bring daardie saak voor God en vra Hom om jou weer aan Sy Woord te herinner.

GEBED

Vra God as ‘n groep om ‘n wag voor elkeen se mond te plaas sodat wanneer ons met mekaar praat ons oor die goeie nuus sal praat en ‘n verwagting sal hê om goeie nuus by mekaar te hoor.

WEEK 6

KONNEKSIE

Gestel jy word as ambassadeur van Suid-Afrika aangestel. Noem aan die groep drie goeie dinge wat jy van ons land sal vertel of sal gebruik om ons land te promofeer.

WOORD

Welkom by week ses van die reeks *Slaaf of Seun*. Vanag begin deel 2 van hierdie reeks, wat meer gaan fokus op seunskap as sulks.

1. ‘n Seun is ‘n draer van goeie nuus

Dit sal baie ongewoon wees as ‘n ambassadeur óf net slegte dinge óf niks te sê het oor die land wat hy/sy verteenwoordig nie. ‘n Ambassadeur kan nie wag om mense van sy land te vertel nie en sal alles in sy vermoë doen om maatskappye sover te kry om uit te brei na sy land of in sy land te belê.

Ons is ambassadeurs van die koninkryk van God en ons het net goeie nuus om oor te vertel:

2 Korintiërs 5:17-20
Iemand wat aan Christus behoort, is ‘n nuwe mens. Die oue is verby,die nuwe het gekom. [18]*Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou.* [19]*Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou.*

Romeine 1:16
*Ek skaam my nie oor die **evangelie** nie, want dit is 'n krag van God tot **redding** van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood.*

Die woord '*evangelie*' is die griekse woord '*euaggelion*' wat 'goeie nuus' beteken. Die woord '*redding*' is die griekse woord '*sōtēria*' bevryding, preservering, veiligheid, redding, voorspoed, algemene goeie welstand.

Net soos 'n ambassadeur, moet ons gewillig en opgewonde wees om hierdie goeie nuus oor te vertel. Godsdiens bring konstant veroordeling maar Jesus het goeie nuus gebring – Hy het gekom vir *sōtēria* – dit is vir bevryding, preservering, veiligheid, redding, voorspoed, algemene goeie welstand.

Efesiërs 6:15
*...en die **bereidheid** om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete.*

2. Seuns se lewe is in lyn met God se Voorskrifte

Fillipense 1:27,28
*Hoofsaak is **dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus** moet wees. As ek dan kom, sal ek self sien, of as ek nie kan kom nie, sal ek deur berigte hoor dat julle in volkome **eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie** [28]en julle in geen opsig deur die teenstanders laat afskrik nie. Dit is vir hulle 'n teken van hulle ondergang en van julle redding, en kom van God.*

Godsdiens het ons vertel dat vir ons lewenswandel om in ooreenstemming met die evangelie van Christus te wees, ons 'n klomp wette en reëls moet nakom. In wese beteken dit dat ons lewens in ooreenstemming moet wees met die goeie nuus, die nuus van *sōtēria*. Ons lewens moet in ooreenstemming wees of lyk soos die bevryding, preservering, veiligheid, redding, voorspoed en algemene goeie welstand wat Jesus vir ons gebring het. Ons moet eensgesind standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie. Wanneer ons dus by mekaar kom, moet ons 'n verwagting hê om NET goeie nuus van mekaar te hoor. Indien daar moeilike tye is waardeur ons gaan, moet ons dit sien as 'n toets vir ons geloof (Jakobus 1) en mekaar dan herinner aan die tye wat ons al deurbraak ervaar het en hoe die deurbraak gekom het.

3. God se Woord is deel van 'n seun se lewe

Numerie 13:1-2; 18-20
***Die Here** het toe vir Moses gesê: [2]Stuur mans uit om die land Kanaän wat **Ek aan die Israeliete gaan gee**, te gaan verken. Stuur van elke stam een van hulle leiers uit.' [18]Kyk hoe die land is. Kyk of die inwoners sterk of swak is, of hulle min of baie is. [19]Kyk of die land waarin hulle woon goed of sleg is. Kyk of die dorpe waarin hulle woon oop is en of dit met mure verterk is. [20]Let op of die grond ryk of arm is, boomryk is of nie. Wees dapper en bring van die vrugte van die land saam terug.'*

God het vir Moses 'n woord gegee. God het Sy Woord gegee dat Hy Kanaän vir Israel GAAN gee. Tien van die 12 verspieders het God se Woord nie deel van hulle lewe gemaak nie maar eerder gelet op die omstandighede (wat in hierdie geval groot reuse en versterkte stede was) en toegelaat dat die omstandighede hulle lewens dikteer in plaas van God se Woord.

Anders as die tien verspieders, het Josua en Kaleb toegelaat dat God se Woord hulle lewens dikteer. Hulle het die beloofde land ingeneem en die vreugde en voorspoed daarvan beleef.

Net so moet seuns van God toelaat dat God se Woord hulle lewens dikteer. God se Woord sê dat geen wapen wat teen ons gesmee word iets sal uitrig nie (Jesaja 54:17). Omstandighede (soos misdaad of iemand wat sleg van jou praat agter jou rug) kan in opstand kom teen hierdie Woord van God. Watter woord gaan jy deel maak van jou lewe?